

Skriflesing: 1 Timoteus 4 vers 6 -11

Tema: Die wedloop van geloof is nie 'n pretloop nie

By ons kermis het ek aan die pretdraf, of in my geval, die pretloop deelgeneem. Dit was vir my baie lekker. Ek was nie fiks nie, want ek het niks geoefen voor die tyd nie. Ek het rustig gestap en lekker gesels. Ek was nie eintlik moeg toe ek klaargemaak het nie. Ek het ook nie 'n prys gewen nie. By die gelukstreking het ek darem iets gekry!

Soms dien ons die Here ook asof dit 'n pretloop is. Ons is nie fiks nie. Ons is geestelik oorgewig. My dien van die Here gaan eintlik om my. Dit moet vir my lekker wees.

Dit werk nie so nie. Die wedloop van geloof is nie 'n pretloop nie. Dit is veel eerder 'n marathon waarvoor ek elke dag moet oefen. Hoe moet ek oefen om elke dag al meer geestelik fiks te word?

Daar is baie ooreenkomste tussen liggaamlike oefening en geestelike oefening. In my fiks-word moet ek in afhanklikheid van die Here sorg vir my eie geestelike lewe en vir dié van ander. Ek moet ook die evangelie uitdra en ander gelowiges opbou. Kom ons gaan kyk dan na wat nodig is vir fiksheid.

1. Toewyding (commitment)

Almal van ons weet dat dit nie maklik is om fiks te word. Dit beteken ek moet vroeg opstaan of laat oefen. Dit neem baie ure en ek moet dit getrou doen. Dieselfde geld vir geestelike fiksheid. In 1 Timoteus 4 vers 7 word ons opgeroep om te oefen om in toewyding aan God te lewe. 'Oefen' kan ook vertaal word met dissiplineer. Geestelike fiksheid kom nie sommer vanself nie. Ons moet onself daartoe dissiplineer.

Jy moet "commit" tot geestelike fiksheid. In die woorde van 1 Timoteus 4 vers 10 moet jy jou kragte inspan en stry. Jy moet gelowig end-uit volhou. Jy moet vasbyt in die marathon van geloof.

2. Reg eet

Ons kan nie net gemorskos eet wanneer ons wil fiks word nie. Ons moet onself voed met die Bybel en woorde van geloof. Weereens het ons hier 'n daaglikse roetine, 'n vaste afspraak met God nodig. Getroue bywoning van eredienste is deel van ons geestelike oefening. Ons moet saam met medegelowiges die Bybel "eet." Dit is waarom kleingroepe, wat fokus op die Woord, so belangrik is. Wanneer ons hierdie dinge nie doen nie, gaan ons onfiks word.

3. Gawes gebruik

In ons gelese gedeelte word Timoteus opgeroep om nie die genadegawe wat hy het, te verwaarloos nie. Hy moet die gemeente lei en leer. Elkeen van ons het 'n genadegawe van God ontvang. Ons noem dit ook 'n talent, aanleg, passie of belangstelling. Ons moet dit gebruik tot eer van God. Ook hier geld die uitdrukking wat ons dikwels by sport en meer spesifiek by rugby hoor: "Use it or lose it."

4. Groei/vordering

'n Atleet streef altyd na beter tye. So moet ook ek en jy, gevul met die Heilige Gees, streef om al fikser te word. Ons moet al meer soos Jesus wees. Die jaar is meer as

halfpad verby. Het jy geestelik gegroei? Ons is nie besig met 'n pretloop nie. Is jy fikser in die marathon van geloof?

'n Hierdie geloofswedloop hardloop ons nooit alleen nie. Om geestlik fiks te word, is ook om ander te dien:

5. Ons moet 'n voorbeeld vir ander stel

Wees 'n voorbeeld in wat jy sê en doen, in woord en gedrag en in leer en lewe. Wees 'n voorbeeld van liefde, geloof en reinheid. Deur dit te doen, red jy jouself, sowel as dié wat na jou luister.

6. Ons moet ander leer

Ons moet vir ander uit die Bybel lees en vir hulle leer.

Afsluiting

Om liggaamlik fiks te wees het waarde. Dit maak ons meer gesonder en help dat ons sommer ook beter oor onself voel. Iemand wat fiks is, hardloop beter tye.

Om fiks te wees het bietjie waarde. Iemand gaan vandag die Wimbledon en die wêreldbeker sokketrofee lig onder andere omdat hulle geoefen het, reg geëet, hulle gawes gebruik en gegroei het. Maar oor 'n week of twee gaan ons al weer vergeet het wie hierdie wenners was.

Om geestelik fiks te wees het groot waarde. Ons deel in hierdie lewe in die oorstroom wat Jesus vir ons gee. En daar wag vir ons, wat elke dag in die krag van die Here geestelik oefen in die marathon van geloof, die ewige lewe as onverganklike oorwinnaarskroon.

Amen